**NASIENRIGLYNE**

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | VISUELE KUNSTE (PRAKTIES) |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTE TOTAAL** | 100 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 18 TOT 24 UUR |
| **AANTAL BLADSYE** | 5 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## HOU DIE VOLGENDE IN GEDAGTE

- Nasieners/eksaminatore moet die kriteria op bladsy 5 van die Praktiese Vraestel **NOV 2024** as riglyn gebruik wanneer hulle nasien. (SIEN ASSESSERINGKRITERIA AANGEHEG)
- Die assesseringskriteria op bladsy 6 van die Praktiese Vraestel NOV 2024 moet ook in ag geneem word aangesien ’n praktiese werk as ’n holistiese stuk gesien moet word.
- Klem moet geplaas word op kreatiwiteit en oorspronklikheid. Dit is die hoogtepunt van die kandidaat se 3 jaar studie.

## AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK

### KONSEPONTWIKKELING

Die kandidaat se voorneme, voorstel of rasionaal kan in enige vorm wees; die kandidaat se idee kan verduidelik word deur middel van ’n dinkskrum en/of breinkaart. Kandidate kan ook ’n reflekterende verslag skryf ná afhandeling van die finale kunswerk. Enige van bogenoemde kan in aanmerking geneem word vir ’n punt uit 100 vir **KONSEPONTWIKKELING**. Kandidate kan van beelde en skryfwerk gebruik maak. Meer as een idee kan deur die kandidaat nagevors word, maar die belangrikheid is om ’n konsep te kies wat die kandidaat verder deur die bronboek ondersoek. Die konsep moet duidelik wys hoe die tema **BETOWERING** geïnterpreteer is.

### NAVORSING

Soek vir enige van die volgende: beelde, foto’s, visuele bronne of enige ander materiaal wat die kandidaat geïnspireer het. Dit kan in die vorm van ’n collage wees. Kandidate kan ook kunstenaars navors wat hulle geïnspireer het. Alle materiaal moet verband hou met die ontwikkeling van die kunswerk. Kandidate kan kunstenaars vir verskillende redes navors, om die tegniek, metode of styl van die kunstenaar in hul eie werk te gebruik. Al of sommige van die bogenoemde moet aangebied word vir ’n punt uit 100 vir **NAVORSING**.

### PROSESTEKENINGE

’n Minimum van 40% van die bronboek moet uit tekeninge bestaan om die konsep-ontwikkeling van die kandidaat te verduidelik. Die beelde wat in die collage gebruik word, moet as verwysing in hierdie tekeninge voorkom. Geleende beelde moet toepaslik verander word, verkieslik meer as 60%. Kandidate moet nie die kunswerke van ander kunstenaars kopieer as hul eie tekeninge nie. Die tekeninge sluit in verkenning en eksperimentering van materiale en tegnieke, lyn, kontoer, detailstudies, komposisionele tekeninge, tonale tekeninge en/of kleurstudies. Daar moet ’n voltooide tonale tekening wees. 100 punte word toegeken vir **PROSESTEKENINGE.**

**AANBIEDING EN ALGEHELE OORSIG VAN DIE BRONBOEK**

Die aanbieding van elke kandidaat sal verskil, maar kyk na visueel interessante en kreatiewe verkenning van die tema, **BETOWERING**. Daar moet ’n vorm van beplanning in die bronboek wees; dit moet goed georganiseerd, vertoonbaar aangebied en netjies wees. Die formaat kan ook verskil. Kandidate kan die riglyne in die nasienrubriek volg om ’n indeks, opskrifte op bladsye, ens. in te sluit. Soek vir bladsy-uitleg wat bydra tot die aanbieding van die bronboek. Daar moet nie punte toegeken word vir irrelevante versiering wat nie tot die idee bydra nie.

## AFDELING B: KUNSWERK

- Verwys na die kriteria op bladsy 17 en 18 van die Praktiese Vraestel NOV 2024 vir donkerkamerfotografie, digitale fotografie, nuwe media/multimediakuns en grafiese drukkuns.
- Die idee wat in die bronboek uitgebeeld word, moet duidelik na vore kom in die finale werk. Indien nie, kan volpunte nie toegeken word indien die tema nie suksesvol oorgedra word nie.
- Maak seker dat u die kwaliteit van die werk in die bronboek vergelyk met die finale kunswerk. Daar moet ’n duidelike verband tussen die twee wees, veral die styl en tegniek, as bewys dat niemand die kandidaat tydens die finale praktiese eksamen gehelp het nie.
- Daar is geen beperkings in style, die grootte van die kunswerk of die gekose medium nie, tensy dit nie bydra tot die konsep en bronboek nie. Hou in gedagte dat die hoeveelheid ’n maksimum van 24 uur se werk moet weerspieël.

By die merk van kunswerke moet nasieners onthou dat die kwaliteit van die kandidaat se werk in ag geneem moet word. Assesseer die kwaliteit van die werk; soos die keuse van die konsep, hantering van media, komposisie, ens. Wees konsekwent oor die standaarde vir ’n graad 12-kandidaat. Die punte moet nie die nasiener se persoonlike voorkeure en afkeure weerspieël nie, maar die besluit oor die nasien moet eerder soos dié van ’n skeidsregter wees wat dus op billikheid fokus. Alle punte wat toegeken word, moet regverdig, geldig en betroubaar wees. Verwys na die beskrywende rubriek vir riglyne op bladsy 5 in die vraestel.

Laastens, fokus op egtheid: is die kunswerke betekenisvol, relevant en interessant? Die werke moet gekontekstualiseer, eerder as geïsoleer word. Ekspressiewe egtheid moet in ag geneem word, verwys dus na die mate van opregtheid, egtheid van uitdrukking en morele passie wat die kandidaat in die werk ingesit het.

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK

| KRITERIA | | TOTAAL |
|---|---|---|
| **KONSEP-ONTWIKKELING** | • Kandidaat se voorneme/voorstel/rasionaal<br>• Idees: breinstorm en/of breinkaart<br>• Reflektiewe verslag ná afhandeling van die finale kunswerk | 100 |
| **NAVORSING** | • Behoort sommige of alles van die volgende in te sluit:<br>• visuele beelde, foto's, visuele bronne of enige ander materiaal wat jou inspireer in die vorm van 'n collage<br>• Navorsing oor kunstenaars wat jou inspireer (alle materiaal moet verband hou met jou werk) | 100 |
| **PROSES-TEKENINGE** | • Ten minste 40% moet bestaan uit tekeninge wat jou konsepsuele ontwikkeling uitwys<br>• Verkenning en eksperimentering met materiale en tegnieke, lyn/ kontoer/detailstudies/komposisie-/tonale tekeninge en/of kleurstudies | 100 |
| **AANBIEDING EN OORSIG: INDRUK VAN DIE BRONBOEK** | • Visueel interessante en kreatiewe verkenning van die tema<br>• Beplanning: goed georganiseer en netjies aangebied<br>• Sluit 'n inhoudsopgawe, opskrifte en bladuitleg in | 100 |
| | | 400/8 |
| **TOTAAL** | | **50** |

## AFDELING B: KUNSWERK

| KRITERIA | |
|---|---|
| Keuse en gebruik van materiale/tegnieke | • Geskiktheid van materiaal en tegniek<br>• Tegniese vaardigheid |
| Gebruik van formele kunselemente | • Die belangrikheid van lyn, fatsoen, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, proporsie, komposisie |
| Oorsig – indruk van die werk: oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering | • Nuwe en unieke reaksies en oplossings |
| Interpretasie en praktiese toepassing van navorsing | • Persoonlike interpretasie van die tema<br>• Eksperimentering |
| Voltooiing en aanbieding van werk | • Aandag aan detail<br>• Voltooi binne tydsraamwerk<br>• Aangebied volgens opdrag |
| **TOTAAL 50** | |
| **SAAMGESTELDE TOTAAL: Afdelings A en B** | |

**NASIENER HANDTEKENING**:

______________________________

EKSAMENNOMMER:

______________________________

SENTRUMNOMMER:

______________________________

© SACAI KOPIEREG

| ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK (VOO) | | |
|---|---|---|
| **Uitstaande** | 90–100 | Uitsonderlike vermoë; ryk; insigryk; vloeiend; hoë vaardigheid; waarneming en kennis kragtig uitgedruk; ondersteun deur 'n oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele bronne. **Uitstaande en oorspronklike aanbieding.** |
| **Uitstekend** | 80–89 | Treffende impak; meestal soos hierbo; gedetailleerd; goed georganiseerd en samehangend; afgewerk; vaardighede sigbaar; ondersteun deur oorspronklike/ongewone/relevante visuele bronne; aanbieding oorspronklik en deurdink. **'n Paar gebreke sigbaar.** |
| **Baie goed** | 70–79 | Goed georganiseerd, soos hierbo, maar sonder "lewendigheid en sprankel"; goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud; ondersteun deur 'n goeie keuse van visuele bronne; duidelike sorg en moeite gedoen met oorspronklike aanbieding. **'n Paar duidelike teenstrydighede/foute sigbaar.** |
| **Goed** | 60–69 | Interessante visuele aanbieding; duidelike oogmerk/doel; oortuigend; eenvoudige direkte gebruik van medium; toon begrip maar neig somtyds na die gewone en stereotipiese reaksie; genoegsame keuse van relevante bronne; redelike moeite gedoen met aanbieding. **Ongelykhede/teenstrydighede** |
| **Gemiddeld** | 50–59 | Toereikend; voel meganies; afgelei of gekopieer; min insig; verbeeldingloos; 'n paar visuele bronne, maar nie altyd duidelik geïdentifiseer nie; aanvaarbare aanbieding. **Ongelykhede/teenstrydighede** |
| **Ondergemiddeld** | 40–49 | Genoeg materiaal/werke om te slaag; nie logies gekonstrueer nie; 'n paar flitse van insig; beperkte keuse van inligting; swak tegniese vaardighede kan 'n bydraende faktor wees; min gebruik van visuele inligting; lomp of nalatige aanbieding. **Het ondersteuning/motivering nodig om te slaag.** |
| **Swak** | 30–39 | Visueel oninteressant; onkreatief; beperkte/swak tegniese vaardigheid gebruik; min poging om inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied; min of geen visuele inligting/bronne; algemene gebrek aan toewyding. **Het ondersteunig/motivering nodig om te slaag**. |
| **Baie swak**<br>**Druip** | 20–29 | Baie min inligting; deurmekaar; nie maklik om na te kyk nie; min of irrelevante werk/visuele inligting; geen poging aangewend om werk op aanvaarbare manier aan te bied nie. **Algemene gebrek aan toewyding/samewerking.** |
| **Onaanvaarbaar**<br>**Druip** | 0–19 | Onsamehangend; irrelevant; baie min of geen werk nie; gebrek aan selfs beperkte vaardighede toegepas. **Geen toewyding/samewerking nie.** |